

Fietstoer na Gamkaskloof

Lank gelede toe ek nog 'n laatie in standard 6 was, het ek en twee pelle 'n fietstoer gedoen van Pretoria na Belfast. Met ons klere en padkos in rugsakke en "carriers" het ons die eerste dag van Pretoria na Witbank gery en by my tannie-hulle geslaap. Die volgende dag het ons tot by Wonderfontein (naby ALZU) gery en by ander familie op die plaas gekuier tot die een pel se ma ons later daar kom haal het. Daardie dae was daar min tsotsies in die rondte, m.a.w. die enigste gevaar was karre op die pad. Ek dink so nou en dan terug aan die toertjie en ek het 'n paar fotos wat my herinner aan hierdie spesiale tyd. Maar omdat die laatie in my nog nie dood is nie, het ek al dikwels roetes vir toere bedink en gewonder hoe wonderlik dit sal wees om weer so iets te doen. Om 'n avontuur, sonder ander ondersteuning, aan te pak. Miskien 'n nuwe roete te ry in 'n gedeelte van die land waar ons selde kom.

My familie in die Wes-Kaap het my vertel dat hulle in 2014 in Gamkaskloof (ook genoem "Die Hel") gaan fietsry het. Dit was nou wel met 'n ondersteuningsvoertuig, en hulle beurte gemaak om te trap of in die bakkie te ry, maar hulle het dit geweldig geniet. Net daar het Liesbet en ek besluit dat ons dit ook gaan doen, maar op ons eis. Ons het geen permitte benodig nie. Dit was maklik om die verblyfplek in Pince Albert (Karoo Kaya) en in die Gamkaskloof self (Fontein) te kry. Die beste van 'n toer wat 'n mens self reël is dat dit gratis is. Die nadeel is dat jy alles self moet voorsien en saam met jou op die fiets dra.



Ons het die vorige dag in Prince Albert aan die voet van die Swartberg nes geskop. Ek het die fietse nagegaan, die rugsakkies gepak met klere, padkos, 'n paar nood-onderdele, en "camelback bladders". Die oggend vroeg het ons opgesaai en die geleidelike klim na die berg begin ry – baie rustig. Dit was lekker vroeg en ons het goeie moed gehad dat ons die ergste hitte van die dag sou vryspring. Die rugsakke was effens lastig en swaar en mens kon dit gou-gou aan jou sitvlak voel. Later die dag het ons skouers en rugge begin stress vat.

Die opdraend uit Prince Albert, wat 700m bo seevlak is, is baie geleidelik vir 10km tot mens die Eerste Water driffie oorsteek. Dan begin die helling 'n mens vang en by Tweede Water raak dit baie steil, 'n gemiddelde helling van 10%, vir etlike kilometers tot 'n mens na 18km die afdraaipad na die

kloof, bereik. Maar ons het lekker gery en ons verwonder aan die gefrommelde rotsformasies wat feitlik 'n kopie is van Meiringspoort. Vinnig het pragtige vistas voor ons ontvou en na so 2 ure se harde trap was ons bo en kon ons die landskap na alle kante besigtig. Die Swartberg is 'n lieflike plek en die pas wat daarvoor loop is besonders vir 'n fiets, motorfiets of 'n motor.



Bo vanaf die afdraaipad is dit nog 40km tot binne-in die kloof en ons was gewaarsku dat daar nog 'n paar stywe bulte voorlê. Gelukkig was daar ook 'n paar afdraendes en dit was lekker om 'n koel luggie van voor te kry. 'n Ander ding wat saam met 'n rugsak kom is dat dit jou warm maak. 'n Mens se hele rug-area, wat gewoonlik oop is om van sweet ontslae te raak en af te koel, word deur die rugsak bedek en dit raak ongemaklik warm. Die landskap bo-op die berg is sonder bome – dit bestaan slegs uit fynbos en gevolglik is daar nêrens koelte nie. Ons kon darem onder 'n baie groot klip, Koos se Klip, vernoem na die ingenieur wat die toegangspad in 1962 gebou het, bietjie koelte kry. Later het ons 'n paar bergstrome gekruis wat die rugsak-water eintlik onnodig gemaak het.



Die roete is besonder gewild in vakansietye en hoewel dit afgeleë is, was daar elke 30 minute iemand wat met sy viertrekvoertuig verby gekom het, of 'n paar motorfietsryers. Baie van hulle was

baie belangstellend en wou hoor wat ons plan is. Gaan ons nog vandag terug ry? Waar gaan ons slaap? Wil ons nie iets te ete of te drinke, of miskien 'n lift hê nie? Dit het goed gevoel en was 'n goeie "ego-boost" om te hoor hoe beïndruk hulle met ons durf is. Maar ons het goeie perspektief behou en gewet die regte ystermanne sal letterlik heen en weer – dit is 128km en 3500m klim – in een dag ry, nee jaag!

Ongeveer 13h00 was ons by die laaste klim van die dag, en net soos alle ander aanhoudende klimme, is sy naam ook Heart Break Hill, en dit is beslis 'n strawwe klim. Miskien nie op sigself nie, maar omdat ons teen die tyd al lekker pap was, moes ons hier en daar vir ente stoot. En ewe skielik was ons op die rand van die kloof. Dit lê uitgestrek, die kloof is langer as 10km, en mens kan van die rand af sy begin tot sy einde, sien. Die rand van die kloof is 500m hoër as die kloof self en die val na onder is so steil soos wat mens kan kry. Die gevaar om spoed op te tel en binne sekondes buite beheer te wees van jou fiets, of enige voertuig vir al wat dit saak maak, is konstant en daar was seker nie 10m wat mens jou vingers van die remme kon afhaal nie. Dit is baie steil, met baie kronkels en draaie en ons het dit baie versigtig tot onder gery. Al die pad af het ons gewonder hoe ons die volgende dag van onder af gaan uity.



'n Ruk later het ons by die Fontein restaurant tuisgemaakte wildspastei, vars gebakte brood en 'n lieflike slaai verorber. Hulle het 'n tent vir ons reg gekry, a la Sani2C, en na 'n verkwikkende stort onder die blou lug (daar was geen dak op die ablusieblokke nie) het ons die hele middag onder die koelbome gelê en boek lees. Daar was nie veel anders te doen nie. Teen sterk skemer het ons die paar honderd meter na die restaurant gestap en by die plaaslike mense n bietjie meer oor die kloof uitgevind.

Gamkas Kloof was vir dekades, voor die 1960's net met die voet, of op 'n perd of donkie se rug bereikbaar. Die benaming: "Die Hel" verwys nie spesifiek na die warm klimaat in die kloof nie - alhoewel dit seker goed warm kan word. Dit kom blykbaar van algemene swetswoorde van die reisigers wat soontoe moes gaan. Die inwoners was 'n afgeslote boeregemeenskap wat grootendeels selfvoorsienend was. Hulle het met bokke, groente en vrugte geboer. So dan en wan moes die mense mieliemeel gaan koop in Prince Albert of Calitzdorp en dan was dit ergere voetslaan uit die kloof uit en dan later met swaar proviant en voorrade belaa, al die pad terug. Die predikant het een of twee kere per jaar kom huisbesoek doen. In die vroeë 1900's was daar oor die 100 gesinne teenwoordig en daar was selfs 'n skool vir die kinders van die kloof.

Toe, in 1962, besluit die Kaapse provinsiale regering om vir die kloofmense 'n pad wat oor die Swartberg kom, te bou. Ongelukkig was dit nie rêrig van enige hulp nie en sowat 30 jaar later het almal weg getrek. Daar was geen afsondering meer nie en dit was die rede hoekom die mense daar gebly het. Vandag is daar 'n skamele 6 mense wat daar bly. Net een gesin is verwant aan die oorspronklike kloofbewoners. Ons het al hierdie feite by die restaurantvrou tjie gehoor en sy het

weereens vir ons smul-boerekos voorgesit wat ons bene herlaai het vir die volgende dag se inspanning.



Ek is nie gek oor kampelewe nie. Maar dit is nogal lekker om na 'n goeie nagrus jouself teen dagbreek uit 'n slaapsak te wikkel en dan dadelik in moeder natuur te wees. Die voëltjies wat fluit is sommer by jou – nie aan die anderkant van 'n venster nie. Ons het weer ons karige goedjies in die rugsakke gepak en die 700m klim oppad na die eerste afdraend begin uittrap. Dit was nie lank nie, toe trek ons ons jassies uit en ons moes ongeveer 90 minute hard werk en baie sweet om weer die WOW-uitsig te aanskou.

Dag 2 was bietjie moeiliker want ons bene was moeg en dit was ook heelwat warmer. Die koel briesie wat ons die vorige dag afgekoel het, het steeds gewaai maar hierdie keer van agter – op ons rugsakke wat dit afgekeer het. Die laaste 10km na die afdraai op die Swartbergpas was taai en ons het soms afgeklim om te stap en stoot sodat on bene (en boude) bietjie kon rus. Die volgende 10km Swartberg af was vasklou en rem vir die vale. Die motors op die pas was 'n groot gevaar, want hulle kyk rond om na die uitsig te kyk. Maar ons het veilig onder gekom en tuisbebakte Burgers by die eerste die beste restaurant geniet. Alles het eintlik, deur God se genade, baie mooi afgeloop – ons het nie eers een brekasie gehad nie.

Ek kan die toertjie vir enige bergfietsentoesias aanbeveel. Dit is 'n baie spesiale landskap en om dit op 'n fiets te doen met goeie geselskap, maak dit nog meer besonders. Prins Albert is 'n pratige dorpie, nes Sabie maar sonder slaggate en rommel in die strate, en mens kan maklik vir 3 dae daar vertoef om die plek te ervaar. Ons sal dit dalk selfs vir 'n 2de keer doen.

Jan Delpont - 2015